



Goeie Nuus Good News

NOU REEDS 27 JAAR OUD!

GRATIS

**Februarie
2026**

**AANLYN-UITGAWE
ONLINE EDITION**

Posbus 1957
Potchefstroom 2520
Sel: 079 273 4630
www.goodnewsmessage.co.za
Goeie Nuus Koerant -
Good News Newspaper



**TOOLBOX
VIR MANNE**



HOE DIT BEGIN HET

'Toolbox vir Manne' het nie begin as 'n organisasie, 'n program of 'n groot plan nie. Dit het begin met 'n persoonlike reis - 'n reis van gebrokenheid, herstel en die diepe oortuiging dat mans hulp, leiding en veilige ruimtes nodig het om te groei.

Op 'n dag het ek op 'n baie slegte plek in my lewe gekom. Ek was hopeloos, radeloos, doelloos, planloos en geldloos. My lewe het uiteindelik op 'n punt gekom waar alles wat ek opgebou het, begin ineenstort het.

Swak finansiële besluite, besigheidsverliese en skuld het ons gesin in 'n ernstige krisis gedompel. Die spanning het my huwelik tot breekpunt gedruk. Ek het begin vlug - in alkohol, partytjies

en verkeerde verhoudings - alles pogings om pyn, skuld en minderwaardigheid te verdof.

Ek was 'n man sonder rigting, sonder selfwaarde, sonder vrede. Ek het geweet hoe om sterk te lyk, maar nie hoe om heel te wees nie. My huwelik was op die rand van 'n egskeiding, en ek het besef ek staan op die punt om alles te verloor wat werklik saak maak.

Dit was in hierdie donker seisoen dat God begin ingryp het - nie met veroordeling nie, maar met genade. Deur my vrou se radikale ontmoeting met Jesus, vergifnis wat ek nie verdien het nie, en later my eie oorgawe by 'n mannekamp, het my lewe begin draai.

Nie alles het oornag verander nie, maar iets diep binne my het verander: ek het hoop, vrede en 'n nuwe identiteit begin ontdek.

MY GETUIENIS

My getuienis gaan nie oor volmaaktheid nie - dit gaan oor

genade.

Ek moes my mislukkings as man, eggenoot en pa eerlik in die oë kyk. Deur geloof, vergifnis en gehoorsaamheid het God my huwelik herstel, diep emosionele wonde genees en my lewe stap vir stap opgebou.

Ek het geleer dat ware krag nie in beheer of prestasie lê nie, maar in nederigheid, aanspreeklikheid en oorgawe. Hierdie reis het my een belangrike waarheid geleer: "MANS WEET NIE WAT HULLE NIE WEET NIE."

Baie van ons is nooit geleer hoe om emosies, verantwoordelikheid, identiteit en roeping gesond te hanteer nie. 'Toolbox vir Manne' bestaan om saam met mans hierdie pad te stap - sonder oordeel, maar met waarheid.

HOE DIT GEGROEI HET

Wat begin het as informele gesprekke tussen 'n paar mans, het vinnig ontwikkel in klein-groepe en later in naweekkampe. Mans het begin oopmaak, eerlik praat oor hul stryd, en mekaar ondersteun. Die Bediening het organies gegroei - vaders het seuns gebring, vriende het vriende genooi, en mans van verskillende agtergronde het 'n gemeenskaplike pad begin stap.

'Toolbox vir Manne' het gegroei omdat dit regte lewenskewissies aanspreek: identiteit, integriteit, verantwoordelikheid, leierskap, verhoudings en geloof - op 'n praktiese en eerlike manier.

Dit het my 8 jaar geneem om die boek te voltooi in 2020. Ons eerste mannekamp was in September 2021. Tot op hede het ons 22 kampe aangebied in Vanderbijlpark, Bloemfontein, Krugersdorp, Fochville en Zambij. Vierhonderd manne het reeds



Jan Schoonraad

die kursus deurloop.

ONS VISIE

Om doelgerigte manne van karakter en geloof op te rig en toe te rus sodat hulle die lewe se uitdagings in die gesig kan staar en bemaatig sal wees om sukses te behaal. Deur middel van lering, mentorskap, en opregte broederskap vorm ons manne om leiers in hul huise, kerke, en gemeenskap te word, gegrond op hul identiteit en roeping in Christus.

ONS TEMAS

Ons bied lering aan rondom die volgende temas:

- Identiteit
- Outoriteit
- Seën
- Die Huwelik
- Finansies
- Roeping
- Integriteit
- Liefde
- Koninkryk.

WAT ONS TANS DOEN

Vandag is 'Toolbox vir Manne' 'n aktiewe mansbediening met 'n fokus op toerusting vir die lewe.

Ons bied tans:

- 'Toolbox vir Manne' Kampe - intensiewe naweke gefokus op identiteit, genesing, leierskap en roeping.
- Kleingroep-dissipelskap -

Vervolg op p. 3



'Toolbox vir Manne' Fasiliteerders

Die Koringkorrel val in die Grond...

Met die oog op Jesus se kruisdood en opstanding, het Hy die volgende geleer: *"Die uur het gekom dat die Seun van die mens verheerlik moet word. Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as die koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen; maar as dit sterf, dra dit veel vrug. Wie sy lewe liefhet, sal dit verloor; maar wie sy lewe haat in hierdie wêreld, sal dit bewaar vir die ewige lewe. As iemand My dien, laat hom My volg; en waar Ek is, daar sal my dienaar ook wees; en as iemand My dien, sal die Vader hom eer"* (Joh. 12:23-26). Jesus is ons volmaakte Voorbeeld, en ons moet Hom volg op die pad van oorgawe, sterwe, en vrugbare impak in ander se lewens.

1. JESUS DIE EERSTE KORINGKORREL

Jesus se kruisdood was naby. Dit sou 'n vreeslike en moeilike tyd wees. Pyn. Verwerping. Isolatie. Hy het egter nie weggeskram daarvan nie. Hy was getrou aan Sy Godgegewe roeping. Wat was Sy lewenstaak? Jesus spreek van die Koringkorrel wat in die grond moet val en sterf, sodat die LEWE in die Koringkorrel kan uitkom en groei en vrug dra vir baie.

Jesus was Self die eerste Koringkorrel. Grieke het gekom en gevra om Jesus te sien. Hy is egter dringend om 'n diep boodskap aan almal te bring: Hy was op die punt om te sterf sodat baie kan lewe. Inderdaad, Hy het gesterf sodat miljoene die kern van die Koringkorrel, die LEWE in Hom, kan beërwe. Jesus moes in Getsémane en op die kruis gebreek word; die omhulsel moes afgeskeur word, sodat Hy die Lig van die wêreld kon wees met Sy Opstanding. Sy dood het werklik lewe vir almal gebring. Geestelike vrug nadat die Koringkorrel gesterf het.

2. ONS IS OOK KORINGKORRELS

Ons as gelowiges en volgelingen van Jesus moet in Sy voetspore loop. Ons moet eers sterf aan ons sondige natuur sodat ons saam met Hom opgewek kan word. Die koringkorrel moet in die grond val en sterf. Daarna sal die nuwe mens opstaan, vrug lewer, en *"baie tot regverdigheid lei"* (Dan. 12:3). In Adam het ons almal gesterwe en het ons 'n sondige natuur beërwe. Ons is egter saam met Christus gekruisig en toe het ons die dood van die sondige natuur ingegaan (Rom. 6:6). Ons het deel gekry aan Sy opstanding. Nou bring ons lewe voort vir baie om ewige saligheid te ontvang.

Ek het die getuigenis gehoor van 'n sendeling wat in 'n afgeleë, ongekerstende land sendingwerk gaan

doen het. Vir jare het hy daar gebly, sonder merkbare sukses, want die hoofman het hom verbied om oor Jesus te praat. Hy het daar gesterf en is begrawe, en toe kom daar 'n mediese sendeling wat hulle kom vertel van Jesus. Terwyl hy praat, spring iemand op en sê: "Ons ken hom! Hy het hier onder ons gewoon!" Die tweede sendeling sê toe, nee, dit kan nie wees nie. Jesus het eeue gelede in 'n ander land gewoon. Maar die eenvoudige mense neem hierdie sendeling toe buite die nederstelling na die begraafplaas en wys hom die graf van die man wat net goed gedoen het aan hulle. Hy het basiese mediese en allerhande maatskaplike dieste sonder vergoeding gelewer.

Watter deurbraak kon die tweede sendeling toe nie maak nie! Hulle het Jesus in die eerste sendeling gesien! En die tweede sendeling kon die saad van die Woord op voorbereide grond saai. Hy kon hulle van Jesus, van die eerste Koringkorrel, vertel. En dit omdat Jesus se getroue volgeling ook 'n koringkorrel geword het wat gesterf het aan homself. Dierbares, sien die mense Jesus in ons? In ons alledaagse bestaan, in ons werksplek en alledaagse omgang met mense - daar waar ons onbaatsugtige dienste in liefde lewer, al is dit hoe gering in ons eie oë?

Jesus plant die saad van die Woord in die harte van elkeen wat in Hom glo. Terwyl die koringkorrel se omhulsel, die "dop", sterf en vergaan, groei die lewe aanhoudend tot wasdom, tot 'n lewende en lewegewende, vrugdraende koringaar. So word ons vrugdraende, lewende voedsel vir ander - as't ware die "brood van die lewe." Want mense wat nie die Bybel lees of genoegsaam lees nie, SIEN die LEWE van Christus IN ons. Al sê ons meeste van die tyd nie 'n woord nie, spreek die daad wat ons in liefde verrig, harder as woorde.

3. OM GEESTELIKE SAAD TE WEES VERG OORGAWE

Alhoewel ons geroep is om vrug te dra, is dit nie altyd maklik nie. Baie dinge kan ons verhinder in ons strewe om geestelik vrugbaar te wees. Ons is baie keer in 'n kokon toegedraai, net soos die harde buitewand die kern van die koringkorrel beskerm van eksterne elemente. In ons tyd van smarte, pyn en lyding tree die Satan toe tot ons verbryseling, met die doel om ons met sy onophoudelike aanslae te vervreem van God, en met die doel om ons te vernietig. Jesus het Self ook gesê: *"Die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes, maar Ek het gekom dat julle lewe en oorvloed mag hê"* (Joh. 10:10).

God die Almagtige tree toe tot ons redding en genesing en bevryding.

Ons moet God bid om bevryding van die mure wat ons hart toemaak. Soms is dit onself wat hierdie mure gebou het. Ander kere is dit ander mense wat dit gebou het om ons te isoleer. Hulle verwerp ons of skuif ons opsy. Dit kan selfs Satan met al sy aanslae wees wat dit opgerig het. Dit maak egter nie saak wat die oorsprong hiervan is nie. Pynlik om te sê, maar hierdie mure moet val. Daarna kom bevryding! Dan stuur Jesus jou uit as iemand wat genesing ontvang het om ander te gaan bevry wat in nood verkeer. Jy kan nie hierdie bevryding in eie kragte vermag nie. Jy is slegs Jesus se reflektor, Sy skynende lig wat jy in die wêreld uitdra.

Swaarkry sal daar wees. Geloofstoeitse ook. In hierdie aanhoudende proses van suiwering op ons lewenspad kom God se oproep tot ons as gebroke skepsele. Hy roep ons tot totale oorgawe aan Hom. Dit moet ons elke dag doen. Elke dag opnuut ons kruis opneem en ons opnuut aan Hom toewy. Voordat Hy intensief met elke gelowige kan werk, het Hy ons "toestemming" en samewerking nodig! Want Hy plaas 'n hoë prioriteit op ons vrye wil en samewerking. Hy het ons nie pionne, robotte of willose wesens gemaak nie. En dit vereis gewoonlik 'n groot offer wat Hy van ons vra: "Total commitment." Ons moet bid sonder ophou. Met ons gebreke, tekortkominge en al. Gee net alles daagliks oor aan Hom. Ons groei nog elke dag na volmaaktheid met God se hulp en in die krag van die Heilige Gees. Ons kan bid: "Seën my beste met U allerbeste." So kan ons bruikbaar word in Sy Hand en vrug dra wat vir ander iets kan beteken.

4. OM GEESTELIKE SAAD TE WEES VERG GELOOF EN VOLHARDING

Die Hebreërsskrywer herinner ons: *"Maar die regverdige sal uit die geloof lewe; en as hy hom onttrek, het My siel geen welbehag in hom nie. Maar by ons is daar geen onttrekking tot verderf nie, maar geloof tot behoud van die lewe"* (Hebr. 10:38-39). Ons sal volhard tot die einde toe, en volhard in geloof totdat Jesus kom! Ons sal gelowig volhard om Jesus te volg en vrug in Sy Koninkryk te dra. In 'n Engelse vertaling lees ons *"the righteous shall live (zēsetai)"*. Die Griekse werkwoord is in die Toekomstige Tyd geskryf, en nie in die Teenwoordige Tyd nie. Laasgenoemde sou 'n voortgaande, 'n aanhoudende handeling veronderstel. Tog is hierdie selfde nuanse steeds teenwoordig.

Soos een Griekse Woordeboek dit deurgee: "...not a direct present tense (praesens). However, this future verb represents an ongoing, continuous state of existence." En dit word genoem: "...a 'present reality' of living by faith." Dag vir dag, oomblik vir oomblik leef ons in geloof. Dit is 'n volharding in die geloof, totdat Jesus kom, vir elke gelowige.

Romeine 1:17 lees as volg: *"Want die geregtigheid van God word daarin geopenbaar uit geloof tot geloof, soos geskrywe is: Maar die regverdige sal uit die geloof lewe."* Martin Luther het geglo dat hy voortdurend werke moes doen sodat hy daardeur kon lewe. Maar toe ontdek hy die ware betekenis van Rom. 1:17 - 'n Mens vind nie regverdiging deur voortdurend werke te doen nie, maar deur die ontdekking van genade en daarmee saam die wedergeboorte deur genade. En dan kom die ondersteuning van die Heilige Gees om voortdurend, elke dag, te lewe onder die salwing van die Heilige Gees. Tog, wanneer ons God se genade gesmaak het, loop ons lewe oor van goeie geestelike vrug. Nie meer werke wat ons saligheid verdien nie. Nee, werke wat uit dankbaarheid en uit ons verhouding met Hom vloei. So volhard ons in die geloof in ons wandel met Hom, en so volg daar ewige vrug.

SAMEVATTING

Jesus was die eerste Koringkorrel. Hy het vir ons sonde gesterf, maar weer opgestaan sodat ons die ewige lewe kan smaak. Hy roep ons om te sterf, sodat ons lewens ook vrug kan dra. Dit klink dalk oorweldigend en na 'n baie groot verantwoordelijkheid. Jesaja 41:10 bemoedig ons egter: *"Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou; kyk nie angstig rond nie, want Ek is jou God. Ek versterk jou, ook help Ek jou, ook ondersteun Ek jou met My reddende regterhand."* Ons hoef nie vrug in ons eie krag te dra nie! Sy Gees sal ons ondersteun en leer. Hoe dra ek vrug? Laat die Woord gedurig op jou tong lê, oor jou lippe vloei met oorgawe, volharding en geloof, want in die krag van die Woord kom jou uitkoms. Bid die Here vir Lewende Woord wat jy in geloof kan aangryp vir jou eie situasie waarin jy jou bevind. Hy gee mildelik! Bid en bely hierdie Woord net so mildelik! Hoe sterker ons vuuroond van toetsing, hoe sterker God se almag om elkeen van Sy kinders te vorm, te help en uitkoms te gee. Die buitelaag om ons koringkorrel sterf sodat die lewegewende kern kan uitkom. Dán sien ons die wonderwerke van God as Sy Hand op ons rus - wanneer ons gewillige instrumente is om Sy lewe ook met

Die Verhaal Agter 'Toolbox vir Manne'

Vervolg van p. 1
volgehoue groei en aanspreeklikheid.
■ Gemeenskapsbetrokkenheid en uitreik-aksies. Ons fokus is nie net geestelike groei nie, maar volledige lewensverandering: geestelik, emosioneel, verhoudingsgewys en prakties.

WAARHEEN ONS OP PAD IS
Die visie van 'Toolbox vir Manne' is om sterk mans te bou wat sterk gesinne, sterk gemeenskappe en 'n blywende nalatenskap vestig.

Vorentoe beoog ons om:
■ Kampe en opleiding landswyd en na Afrika uit te brei. Ons het reeds 'n kamp in Zambië aan gebied.
■ Gestruktureerde mentorskap-programme te ontwikkel. Ons het reeds opleidings- en dissipel-

skapmateriaal.
■ Die volgende generasie fasiliteerders en leiers toe te rus.
■ Gemeenskapsinisiatiewe deur vennootskappe te versterk. Ons glo: herstel in mans bring herstel in gemeenskappe.

RAAK BETROKKE
Meer inligting oor 'Toolbox vir Manne' is beskikbaar by:
www.toolboxmanne.co.za
Facebook: Toolbox vir Manne

'Toolbox vir Manne' is geregistreer as 'n NPO. Jan Schoonraad het ook gedurende hierdie reis as Pastoor gekwalifiseer (maar die titel word nooit gebruik nie - net ter inligting). 'Toolbox vir Manne' het 'n Direk-sie van sewe mense wat ons verantwoordbaar hou.
- Jan Schoonraad, 082 853 0613.
janf.schoonraad@gmail.com



Bloemfontein 'Toolbox vir Manne' Kamp

KE MANG? GO TLHALOGANYA BOITSHUPO JWA GAGO JWA NNETE (WHO AM I? UNDERSTANDING YOUR TRUE IDENTITY)

DITEMANA
Genesi 1:27: "Modimo wa tlhola motho mo setshwanong sa gagwe; o mo tlodile mo setshwanong sa Modimo; a ba tlhola monna le mosadi."

1 Bakorinthe 2:16: "Gonne, 'Ke mang yo o itseng mogopolo wa Morena gore a ka mo ruta?' Mme rona re na le mogopolo wa ga Keresete."

Bakolose 1:27: "...ba Modimo o ratileng go ba itsise se e leng lohomo lwa kgalalelo ya bosait-siweng joo mo baheitaneng, lo e leng Keresete mo go lona, yo e leng tsholofelo ya kgalalelo."

Ditiro 17:28: "gonne re ntse re na nao, fa re tshela, re tsamaya, re le teng, jaaka le bangwe ba baboki ba lona ba buile ba re: "Kana le rona re losika lwa ona."

DIKAKANYO
Mo loetong lwa gago le Keresete, selo sa botlhokwa go di feta tsotlhe ke go tlhaloganya gore

Modimo o go bona jang. Boitshupo jwa gago ga bo a ikaega ka se o se dirang kgotsa se ba bangwe ba se buang - bo ikaegile ka Yo o go tlhodileng le Yo o tshelang mo teng ga gago.

Akanya ka motaki yo o tsenyang pelo ya gagwe yotlhe mo tironong e ntle ya diatla. Ke kafa Modimo a ikutlwang ka gone ka wena tota. Go nna motho yo o "Tlhodilweng mo Setshwanong sa Modimo" go raya gore o rwele "DNA" ya Gagwe mo moweng wa gago le mo mmeleng wa gago. Ga o kotsi fela; o bopilwe ka boikaelelo, seriti, le tlhwalhwa e ope a ka sekang a e go amoga.

Fa o iteba mo seiponeng, o bona ponatshego ya tiro ya diatla ya Mmopi. O sebopiwa sa Modimo. Ga o selo fela. O ngwana wa Kgosi. Mme Modimo ga a ka a ema fela mo go bopeng mmele wa gago; O fetotse le mowa wa gago wa mo teng. Jaaka modumedi yo mošwa, jaanong o na le "Mogopolo wa ga Keresete."

Se ga se raye gore o itse sengwe le sengwe se Modimo a se itseng, mme se raya gore o na le tsela ya go fitlhelela ponelopele le botlhale jwa Gagwe. Mo boemong jwa go nna motshwarwa wa mekgwa ya bogologolo kgotsa dikakanyo tse di sa siamang, jaanong o ka leba botshelo ka botlhale, boikokobetso, le lorato lwa ga Jesu.

Ga o sa tlole o tlhalosiwa ka nako e e fetileng ya gago, mme o tlhalosiwa ka mofuta wa semodimo o Modimo a o tsenyetseng mo go wena. Bakolose 1:27 ya re: "Keresete mo go lona, e leng tsholofelo ya kgalalelo!"

THAPELO
Rara wa rona yo o kwa Legodimong, ke a Go leboga go bo O ntlhodile mo setshwanong sa Gago le ka mpho ya mogopolo wa ga Keresete. Ke itumelela thata gore tlhwalhwa ya me e tswa mo go Wena, e seng mo lefatsheng leno le mo dikakanyong tsa batho ba bangwe. Nthuse go amogela boitshupo jwa me jwa nnete ka



Johan Zerwick
Sêlê ke 083 458 3837

botlalo. Fa ke sa ikutlwe ke tlhomame kgotsa ke kgobegile mowa, nkgopotse gore ke bopilwe ka mekgwa o o boitshegang le o o gakgamatsang.

Tsamaisa dikakanyo le ditiro tsa me gore ke akanye jaaka Jesu mme ke bontshe lorato lwa Gago mo go mongwe le mongwe yo ke kopanang le ene. Ke a leboga go bo O ntlhodile setshedi se sešwa. Mo leineng la ga Jesu ke a rapela. Amen.

MY HART, NIE NET MY HAND NIE

Ons lees in Sagaria 7 hoe uitgesoekte manne na die profeet Sagaria gestuur is “om die aangesig van die Here te soek.” Hulle het ‘n kwelvraag na die profeet gebring en wou dringend ‘n antwoord hê: “Moet ek in die vyfde maand ween met vas soos ek nou al so baie jare gedoen het?” (v. 3b). Dit klink baie geestelik en bewonderingswaardig dat die mense die Here se wil soek, en dat hulle vas en bid met geween (wat dui op die erns van die saak). Maar die Here sien dieper - Hy sien die hart. Daardie binneste deel wat ons van mense kan verberg en kamoefleer. Alles is duidelik voor Hom: “En daar is geen skepsel onsigbaar voor Hom nie, maar alles is oop en bloot voor die oë van Hom met Wie ons te doen het” (Heb. 4:13). Die Here vra ‘n teenvraag: “As julle, nou sewentig jaar lank, in die vyfde en in die sewende maand gevas en getreur het, het julle toe werklik ter wille van My gevas?” (Sag. 7:5). Hy gaan voort om vir die volk die waarheid te spreek, sonder om doekies om te draai: hulle gewoonte van vas en gebed het verstar in ‘n geestelike ritueel, terwyl die dinge wat die Here werklik vereis het by monde van die vroeë profete, nagelaat is. Dit het dus ‘n vormgodsdien geword, een van dae (“hand”) sonder die regte motiewe (“hart”). Dit is ook ‘n groot waarskuwing vir ons - dat ons ons godsdien vars moet hou met die hulp van die Heilige Gees, en nie moet verval in ‘n stelletjie reëls wat ons moet nakom nie. Maar wat is dit wat die Here van Sy volk, en dus ook van ons vandag nog, vereis?

1. SPREEK ‘N EERLIKE VONNIS UIT

In die eerste plek dui hierdie vereiste op korrekte en eerlike regspraak, wat ‘n hoeksteen van die samelewing is. Ons moet die regstelsel kan vertrou en kan weet dat die waarheid sal seëvier. Sodoende hang ons God se waardes aan en versterk ons ons samelewing. Anders word dit ‘n rampokkerstaat waar kriminele elemente konflikte skep en gebruik tot hulle eie voordeel, en waar hulle nie toerekeningsvatbaar voor die reg is nie. Nie elkeen van ons is ‘n regter nie, maar ons kan verskeie toepassings vind in hierdie opdrag.

Dit kan soms moeilik wees om te bepaal wat presies die regte ding is om te doen. ‘n Saak kan kompleks wees, ‘n grys area, en daar kan baie dimensies daaraan wees; ‘n gesonde kompromie mag dalk vereis word. In sulke tye is dit goed om die Here te raadpleeg en te wag op Sy wysheid. Die bekende leuse, “Wat sou Jesus doen?” mag ons dalk

perspektief gee. Ken Sande skryf in *The Peacemaker* dat dit goed is om terug te staan van ‘n konflik-situasie en die vraag te vra: ‘Hoe kan God in hierdie situasie verheerlik word? Hoe kan ek my broeder of suster dien? Hoe kan ek groei hierdeur?’ Deur hierdie vrae te vra, verskuif ons die doelwit om ons eie reg op te eis en verander ons ons perspektief. Ons vra nie die vrae, ‘Hoe kan ek wen? Hoe kan ek my sin kry? Hoe kan ek bewys hoe verkeerd my teëparty is?’ nie. Meer nog, as ons in ‘n situasie is om ‘n uitspraak te lewer, informeel of selfs as regter of bestuurder of arbiter, moet ons in nederigheid op die Here steun, aangesien Hy die morele Wet-gewer is wat altyd reg laat geskied (en Hy gebruik juis swak mense deur wie Hy werk om Sy wil te laat geskied).

Soms is ons bang om op te staan vir die waarheid. Ons verswyg dit liever om sodoende negatiewe aandag en kritiek te vermy. Ons tree uit vrees eerder as uit liefde op. Maar Paulus herinner ons, “Laat alles wat julle doen, in liefde geskied” (1 Kor. 16:14 DV). Liefde moet vir ons die morele moed gee om reg te doen en reg te spreek, al kan dit tydelik tot ons skade of nadeel wees. God is regverdig en sal dit vir ons ten goede laat meewerk. Charles Stanley was lief om te sê, “Obey God and leave all the consequences to Him.” Indien ons ‘n mandaat van die Here verkry het om ‘n bepaalde onreg aan te spreek, moet ons in Sy krag daarteen opstaan en só verandering bewerkstellig.

Ons moet ook nie omkoopgeskenke aanneem nie. “n Omkoopgeskenk uit die vou van ‘n kleed - ‘n goddelose aanvaar dit om die reg te dwarsboom” (Spr. 17:23 DV). Die Here vereis heilighede en rein hande (Ps. 24:3). So ‘n geskenk hoef nie altyd geld te wees nie - ons reputasie, gewildheid, en begeerte om ander tevrede te stel kan ‘n kragtige negatiewe motivering wees en selfs ‘n afgod word wat ons gedrag bepaal. Ons moet nie die “omkoopgeskenk” van (valse of tydelike) respek aanvaar in ruil vir ons stilte in die aangesig van onreg en so ons waardes kompromiteer nie. Ons moet wegbly van grys areas en baie redenasies, en kies om die eenvoudige waarheid aan te hang en te doen. Ons moet die Here bid om ons die moed van die oortuiging te gee om op die regte tyd te sê wat gesê moet word. En wanneer ons val, moet ons weer opstaan en van nuuts af kies om reg op te tree.

2. BEWYS LIEFDE EN BARMHARTIGHEID

Toe die Fariseërs Jesus kritiseer

omdat Hy tyd saam met onheilige, sondige en veragtelike tollenaars deurbring, het Hy hulle met hul eie wet uitgedaag, “Gaan leer wat beteken, ‘Ek wil barmhartigheid hê en nie offerande nie.’ Ek het immers nie gekom om regverdiges te roep nie, maar sondaars” (Matt. 9:13 DV). Jesus het gekom om sondaars tot bekering te roep, en dit uit liefde en omgee, al het dit ongesproke geestelike reëls en tradisies oortree. Hierdie reëls was gebaseer op ‘n eensydige interpretasie van die wet - dat heilighede afsondering vereis tot só ‘n mate dat medelye in die slag bly. Jesus korrigeer hierdie dwase standpunt by wyse van Sy voorbeeld en Sy woorde.

Op ‘n ander keer het die Fariseërs Jesus se dissipels gekritiseer omdat hulle op ‘n sabbatdag koringare uitvryf (en dus ‘werk’ doen - iets wat nie op die sabbat mag gebeur nie). Jesus het hulle getoon dat Hy die Here van die sabbat is, en gesê, “As julle maar net begryp het wat bedoel word met ‘Ek wil barmhartigheid hê en nie offerande nie,’ sou julle nie hierdie onskuldige mense veroordeel het nie” (Matt. 12:7 DV). Hierdie woorde is ‘n aanhaling van Hosea 6:6, “Want Ek het ‘n behae in liefde en nie in offerande nie, en in kennis van God meer as in brandoffers.” Duidelik stel God die hartsgesindheid meer op prys as die uiterlike handelinge. ‘n Eng interpretasie wat die gees van die wet en dus van God se hart mis, word veroordeel.

Nogeens is daar ‘n struweling tussen Jesus en die godsdienstige Fariseërs. Een van hulle het Hom uitgenooi om by hom te kom eet. Maar hierdie Fariseër verwonder hom dat Jesus Hom nie eers ritueel gewas het voordat Hy vir ete aangesit het nie. Die klem was dus op geykte rituele en die verwagting dat alle ‘geestelike’ mense dit sou navolg. Jesus bestraf hom sterk, “Maar ellende wag vir julle, Fariseërs, want julle gee tiendes van kruisement en wynruit en elke soort kruie, maar verontagsaam die geregtigheid en die liefde vir God. Juis hierdie dinge moet ‘n mens doen en die ander nie nalaat nie” (Luk. 11:42 NV). Ons mag dalk verbaas wees oor Jesus se hewige reaksie, maar Hy sien die hart raak. Hier sien ons dat dit nie verkeerd is om goeie gewoontes en selfs goeie godsdienstige reëls na te kom nie. Maar dit kan nooit ‘n doel op sigself word nie. ‘n Maatstaf waaraan ons onself meet en ons dan op die skouer klop nie. ‘n Rede om op ander neer te sien nie. God verag geestelike hoogmoed, maar gee genade aan die nederige (1 Pet. 5:5). Ons moet weer eens nie “major in the minors” nie, maar

die klem moet op die regte dinge val, soos wat God ons in Sy Woord leer. Laat ons dus die wil van die Here najaag en in liefde en barmhartigheid optree. Hy is liefde (1 Joh. 4:8) en wil hê dat ons soos Hy moet optree (Matt. 5:48), sonder om te verval in ‘n lysie reëls net om te kan sê dat ons nou klaar is met ons godsdienstige taak. Ons is nooit “klaar” nie. Ons moet ook nie ons godsdien as ‘n blote taak sien nie, omdat ons in ‘n voortdurende verhouding met Hom staan, waaruit ons goeie liefdesdade vir Hom vloei, en dit behoort ‘n onophoudelike en standhoudende fontein van motivering vir goeie dae te wees.

3. MOENIE DIE SWAKKES VERDRUK NIE

Dit is maklik om, as jy sterk is, mense uit jou pad te vee tot jou eie voordeel. Of om mense te ignoreer wat jou tyd sal opneem. Net nie gepla te wil wees met ander se nood nie (en natuurlik is daar grense wat ‘n mens soms moet stel, so daar is ‘n balans). Maar wat as die bordjies verhang word en die situasie totaal en al omdraai? As ek die een in nood word wat dringend iemand se hulp benodig? Dit is dalk ‘n goeie perspektief om in gedagte te hou wanneer ons ander in nood sien. Meer nog, ons kan met dankbaarheid dink aan hoe baie seëninge ons van die Vader ontvang het - gesondheid, ‘n werk, huis, vervoer, familie, vriende - en dit dan in ons hart vind om ‘n ander te help. Meer nog, Jakobus leer ons dat ons geloof moet oorgaan in dae. Sy voorbeeld is ‘n uitdagende een: “As daar nou ‘n broeder of suster naak is en aan die daaglikse voedsel gebrek het, en een uit julle sou vir hulle sê: ‘Gaan heen in vrede, word warm, word versadig,’ maar julle gee hulle nie wat vir die liggaam nodig is nie - wat baat dit? Net so is ook die geloof, as dit geen werke het nie, in sigself dood” (Jak. 2:15-17 OV).

In die Bergpredikasie leer Jesus ons, “Salig is die barmhartiges, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word” (Matt. 5:7 OV). Barclay lewer as volg kommentaar: die Griekse woord vir ‘barmhartigheid’ is *eleemon*, en dit gryp terug na die Hebreeuse woord *chesedh*. Hierdie woord is haas onvertaalbaar en bevat die betekenis dat ‘n mens genade aan ‘n ander bewys deurdat jy in die ander se skoene gaan staan, dinge met sy of haar oë sien, hulle gedagtes bedink en hulle gevoelens ervaar. Dit is dus baie meer as ‘n emosionele jammerhartigheid; dit is ‘n simpatie wat gepaardgaan met identifisering met daardie persoon. Terloops,

Vervolg op p. 5

MY HART, NIE NET MY HAND NIE

Vervolg van p. 4

simpatie het sy oorsprong van *syn* = met en *paschein* = swaarkry. Dus beteken simpatie letterlik om saam met ‘n ander swaar te kry. Dit is presies wat Jesus vir ons gedoen het deurdat Hy mens geword het en sodoende met ons swakheid en sonde geïdentifiseer het. Barclay sluit af met ‘n vrye vertaling van hierdie vers, “O the bliss of the man who gets right inside other people, until he can see with their eyes, think with their thoughts, feel with their feelings, for he who does that will find others do the same for him, and will know that that is what God in Jesus Christ has done!”

Dit kan verder ‘n groot versoeking wees om ‘n saak te plooi tot ons voordeel, vanuit ‘n magsposisie. Magsmisbruik. Nepotisme. Konflikt van belange. Sodoende weerhou ons die reg van minderes en onbeskermdes en maak ons die speelveld ongelyk. Dit kan in vele lewensituasies en -strukture gebeur: ouer-kind, bestuurder-werker, onderwyser-leerling, senior-junior, bejaarde-jongeling, ens. Die Here leer ons in Maleagi, waar Hy met die priesters praat, maar by implikasie ook met ons, “*My verbond met hom was die lewe en die vrede; en Ek het dié aan hom gegee tot vrees; en hy het My gevrees en vir My Naam gebewe. Betroubare regsleer was in sy mond, en onreg is op sy lippe nie gevind nie; in vrede en*

opregtheid het hy met My gewandel, en baie mense het hy van ongeregtigheid teruggebring. Want die lippe van ‘n priester moet kennis bewaar, en uit sy mond word onderrig gesoek, want hy is ‘n boodskap-per van die Here van die leër-skare” (Mal. 2:5-7 DV).

4. MOENIE KWAAD TEEN ANDER BEDINK NIE

Soms word ons onregmatig en onregverdig verdruk of verrai. Mense kan dit doelbewus of ondoelbewus doen. Soms is dit ons naastes wat ons die seerste maak. Dan loop ons met bitterheid en koester ‘n wrok. Ons dink hoe ons so iemand sal ‘terugkry’. Die Woord leer ons egter om ander te vergewe en alle wrokkigheid te laat gaan. Jesus leer ons in die Onse Vader om te bid, “*en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe*” (Matt. 6:12). Op die kruis bid ons Verlosser, “*Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie*” (Luk. 23:34 OV).

Wrokkigheid en bitterheid word ‘n gif wat onself vernietig. Dit doen ons gewoonlik meer skade as vir die voorwerp van ons haat. Sonder om onreg onder die mat in te vee, word ons aangemoedig om die oordeel en wraak aan die Here oor te laat (Rom. 12:19) en Hom te vertrou om met ons teëparty te handel. Vergifnis is dus ‘n gawe aan onself, en ons word hierdie geroep sodat ons Jesus se Voor-

beeld kan navolg en ‘n voorbeeld vir ander kan wees.

Wat ‘n transformasie is dit nie wanneer ons beskuldigings verruil vir gebede, skimptaal vir goeie wense, woede vir nederige meegevoel, en haat vir liefde nie! Dit is die hart van die Evangelie, en dit moet ook elke dag in ons lewe vergestalt. Die Here is gereed om ons daarin te ondersteun, maar ons moet die besluit maak om ons los te maak van woede en Hom te vertrou om alles ten goede te laat meewerk (Rom. 8:28).

SLOTSOM: MOENIE JOU HART VERHARD NIE

Toe die volk vir die Here kom vra of hulle (nou al weer) moet vas, het Hy vir hulle kernwaarhede gebring van wat Hy eintlik van hulle verwag. Hy het Sy wil duidelik aan hulle (en aan ons) geopenbaar. In sover ons hoor, luister, en doen, kan God aan ons dieper waarhede openbaar en ons met groter opdragte in Sy koninkryk vertrou. Maar as ons voortgaan om eiesinnig te wees en nie te luister nie, vereelt ons harte. Die volk het hulle hart so hard soos ‘n diamant gemaak om nie die wet te verneem en te gehoorsaam nie. Hulle was opstandig. Die Here het deur Sy Gees gespreek (v.12), maar dit bly hulle/ons verantwoordelikheid om te reageer. Hy dwing niemand nie. Hy roep en moedig aan, maar laat die keuse aan ons oor.

Ons lees dat daar ‘n groot toorn by die Here opgevlam het, omdat die mense die waarheid keer op keer gehoor het, maar nie wou luister en dit gehoorsaam nie (Sag. 7:12). Dit help nie om later te kom vra wat die Here se wil nou eintlik is nie. Begin by Sy geopenbaarde wil in Sy woord, en luister na jou gewete. Daar is reeds so baie om te doen, en dit is alles goeie dinge. Soos wat ons dan op die pad vorder, sal die Here ons al hoe fyner lei en insig gee. Maar as ‘n mens nie eers by die basiese wil begin nie, maak dit nie sin om (veral as daar moeilikheid of moegheid of moedeloosheid intree) skielik die Here se aangesig te wil soek nie. Hy is genadig en laat Hom vind, al roep ons in ons nood. Maar dit is soveel beter om ‘n lewende verhouding met Hom te bou en in stand te hou, dan kan ons met Hom praat in goeie en slegte tye. En ons doen dit deur tyd met Hom te spandeer, in Sy Woord en in vas en gebed; dan sal daar tweerigting-kommunikasie wees. Laat ons dan fokus, nie soseer op die godsdienstige handeling of formules of stelle reëls of rituele nie, maar op ‘n liefdevolle hart en ‘n liefdevolle verhouding met God. God het die liefde in ons harte uitgestort deur Sy Gees wat Hy aan ons gegee het (Rom. 5:5). Laat ons daarvolgens optree, want God verkies liefde bo offerande.

© C Venter

Duursame Skoonheid ...

August Renoir, een van die grootste Franse impressionistiese skilders, het in die laaste jare van sy lewe geweldig pyn verduur as gevolg van artritis. Hy was so te sê verlam en kon aan die einde nooit meer sy huis verlaat nie. In dié tyd het sy groot vriend en vertroueling, medeskilder Henri Matisse, hom daaglik besoek.

Matisse was byna dertig jaar jonger as Renoir, maar het die grootste bewondering vir sy kuns gehad. Dag vir dag het hy kom kyk hoe die ouer man skilder. Want al moes hy met elke kwasveeg die ergste denkbare pyn verduur, het Renoir nooit ophou werk nie.

Een dag, twee jaar voor Renoir se dood, kyk Matisse weer hoe Renoir op sy tande byt terwyl hy sukkelend die kwas na die palet bring. Toe bars hy uit: "My aarde,

August, hoekom hou jy aan en aan met skilder? Dis nou al veertien jaar dat jy só teen die pyn veg met elke beweging van die kwas... Jy kan mos nou maar ophou."

Renoir het opgekyk van "The bathers", wat een van sy beroemdste skilderye sou word, en eenvoudig gesê: "Die pyn gaan verby, Henri, maar die skoonheid bly."

"Ek het gevind dat die mens dikwels in die mees desperate situasies tot die grootste innerlike skoonheid of die skepping van die mooiste kuns in staat is - baie soos 'n pêrel wat uit die pyn van die oester gevorm word."

- BOB GELDOF

Uit: Stories vir die Lewe Omnibus, 'n Boek oor Lewenswaardes, Piet Naudé, 2002, Lux Verbi.BM

Speak Responsibly

"Be watchful, stand firm in the faith, act like men, be strong. Let all that you do be done in love" (1 Corinthians 16:13-14).

Whether it's two of us or twelve of us or more, when we gather in Christian community, we're to speak truth to one another, truth motivated by love (Ephesians 4:15). Truth in love - it sounds simple, actually... straightforward. And sometimes it is. Many times, though, it's anything but simple or straightforward. And, in those times, we men don't typically fare too well. I mean, the mess and complexity of life can make speaking truth in love daunting and uncomfortable - for example, when it requires we challenge a brother or admonish him; when it requires we call out a brother or call him back from sin. So it's a rare group of men indeed who are willing to speak truth in love even when it's hard. We've got to be that kind of men.

For us to be that kind, though, we must first be another kind: men who take time to know one another. You see, except in a few cases, it's irresponsible to "speak truth" to any man without knowing his story. We're one body, all following our King, Jesus Christ, but we're also all different, with different designs, different functions, different experiences (Romans 12:4-5). For community to work, for truth to flow properly, we must understand and appreciate each other. And we begin by telling our stories. If we don't begin there, we're likely to damage community and to do damage to each other - like when we give advice and try to "fix" a person, or a situation we don't fully understand.

- Gather Ministries

LOSING SALTINESS

“Everyone will be salted with fire. Salt is good, but if it loses its saltiness, how can you make it salty again? Have salt among yourselves, and be at peace with each other” (Mark 9:49-50).

I once shared an apartment with an avid fan of the now-defunct BBC show *Top Gear*. In one memorable episode, presenters Hammond, Clarkson, and May decided that liaising with manufacturers to test drive cars designed for the average person would be far too dull. To spice things up, they joined a precursor to today’s Uber: a taxi-like service where instead of sending a cab, a driver would arrive to take you home in your own car. It was the perfect loophole: they could test-drive everyday vehicles for free.

Each presenter registered as a driver, equipped with a hidden camera. Before picking up their first customers, they agreed on a set of code words. After all, you couldn’t very well drive someone home and say, “Dear viewers, I’m currently chauffeuring John in his car, and the handling is absolutely ghastly.”

One code word stuck with me: Hammond said he’d use “salty” to mean something was bad. For example, “*The handling of the car is a bit... salty.*”

In casual language, “salty” often means bitter, annoyed, or upset - usually over something minor. It’s ironic, really, that the word used to describe bitterness is derived from something that, in my mind, has always been good.

In this piece, I want to explore the origins and uses of one of humanity’s oldest and most essential minerals. Then I’ll share my own revelation about saltiness, what it means to lose it, and take a brief tour through its symbolism in the Bible.

SOLNITSATA

Depending on the source, the earliest records of salt production suggest it began independently in Asia and Europe during the 6th millennium B.C., specifically in China and Romania.

